basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

Kandidate kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

**Kandidate beantwoord slegs EEN vraag.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |


**AFDELING B: DRAMA**

**Kandidate beantwoord slegs EEN vraag.**


| | | |
|---|---|---|
| 4. *Poppie – die drama* | 35 | 15 |
| | | |
| 5. *Paljas* | 35 | 17 |


**AFDELING C: KORTVERHALE**

**Kandidate beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**


| | | |
|---|---|---|
| 6. "Die rooi kombersie" | 18 | 21 |
| | | |
| "Agter 'n baard" | 17 | 23 |


**AFDELING D: GEDIGTE**

**Kandidate beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**


| | | |
|---|---|---|
| 7. "Woorde" | 18 | 25 |
| | | |
| "Kabouterliefde" | 17 | 26 |

**NASIENRIGLYNE**

- Kandidate moet instruksies uitvoer soos in die vraestel uiteengesit. Slegs die eerste twee vrae in 'n kandidaat se antwoordeboek word nagesien. Indien 'n kandidaat twee vrae uit AFDELING A beantwoord het, word slegs die eerste vraag nagesien en die res van die vrae word doodgetrek.

- Sou 'n kandidaat twee vrae uit AFDELING A en dan 'n ander vraag uit enige ander afdeling beantwoord het, bly die beginsel van die eerste twee vrae word nagesien gehandhaaf; derhalwe sal die kandidaat net punte vir die eerste vraag verdien en die res word deurgehaal. As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.

- As 'n kandidaat by 'n vraag twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Tema: Onregverdigheid
Boodskap: Die lewe bestaan uit skewe sirkels.

1.1
- 'n Man wat die Bos moes oppas.
- 'n Man wat vir die houtkappers gesê het watter bome hulle moes kap.
- 'n Man wat deur die regering aangestel is om die Bos op te pas.

(Enige EEN) (1)

1.2 Bybel (1)

1.3 Die houtkappers was besig om al die bome in die Bos uit te kap.
(Of soortgelyk) (1)

1.4.1
- Saul het van al die kaal kolle in die Bos gepraat.
- Saul het gepraat van die dele waar die Bos nie meer kon herstel nie.
- Saul het van die afgekapte bome gepraat.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.4.2
- Die Bosmense kon die Bos bewaar het./Net gemerkte bome uitgekap het.
- Die Bosmense kon nuwe bome geplant het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.5.1 Jozef het die Bos gesien as 'n plek waar hy 'n bestaan kon maak.
(Of soortgelyk) (1)

1.5.2
- Saul wou die Bos bewaar.
- Saul het die olifante probeer beskerm.
- Saul het die delwers uit die Bos probeer weghou.
- Saul het die delwers se vernietiging van die Bos probeer keer.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.6
- glo
- aanvaar

(Enige EEN of soortgelyk – moet EEN woord wees.) (1)

1.7 Saul het nie saamgestem:

- toe Joram die groot kalander afgekap het nie.
- oor die Bosmense se storie van die bloubokkie se gal nie.
- dat die Bosmense die olifante moes/wou jag nie.
- dat die Bosmense ongemerkte bome afgekap het nie.
- dat die Bosmense nie teen die gouddelwers opgestaan het nie.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

1.8

- Dit was deel van die tradisie in die Bos./Hulle was houtkappers; daarom moes Saul dit doen.
- Saul was deel van die gesin.
- Saul was oud genoeg om te begin kap.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.9

- Jozef en Joram kon sonder woorde kommunikeer.
- Jozef en Joram het mekaar verstaan.
- Jozef en Joram het dieselfde oor die Bos gedink.
- Jozef het enduit in sy pa se span gekap.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.10 Saul het geweier om verder 'n pad te loop wat op niks uitloop nie. (Of soortgelyk) (1)

1.11.1

- C
- Krisjan-se-nek
- C Krisjan-se-nek

(Enige EEN) (1)

1.11.2

- A
- Knysna
- A Knysna

(Enige EEN) (1)

1.11.3

- E
- Meulbos
- E Meulbos

(Enige EEN) (1)

1.11.4

- B
- Swellendam
- B Swellendam

(Enige EEN) (1)

1.12
- Joram het in elk geval nie vir homself gewerk nie, maar vir MacDonald.
- Joram het Saul weggejaag, maar wou nie hê hy moes vir MacDonald werk nie.
- Saul het Joram se skuld betaal, maar Joram het dit nie besef nie.

(AL TWEE kante moet gestel word. TWEE of GEEN punte nie)
(Enige EEN verduideliking van die IRONIE) (2)

1.13
- MacDonald het die houtkappers onregverdig behandel.
- MacDonald het die houtkappers uitgebuit/uitgemergel.
- MacDonald het byvoorbeeld vir waenhout gevra en dan geelhout gesoek.
- MacDonald het nie die houtkappers betaal wat die hout werd was nie.
- MacDonald het die houtkappers al hoe meer in hulle skuld vasgevang.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.14 Ek dink die feit dat ...
- Saul van sy familie afgesny was.
- MacDonald hom nie betaal het nie.
- MacDonald hom soos ’n slaaf laat werk het.
- MacDonald Saul as minderwaardig gesien het.
- MacDonald sy kinders verbied het om naby Saul te kom.
- Saul se familie hom as verraaier gesien het.
- Saul na die Bos verlang het/sleg gevoel het dat hy weggejaag is.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.15
- B
- nie meer minderwaardig gevoel het nie.
- B nie meer minderwaardig gevoel het nie.

(Enige EEN) (1)

1.16
- Dit het op MacDonald se werf gebeur en Saul het vir MacDonald gewerk.
- Saul het die olifanttande op Joram-hulle se waens gesien.
- Jozef het geweet Saul was ontsteld toe hy die tande op hulle waens gesien het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.17
- Joram het nie vir Saul verdedig nie.
- Joram was koud/afsydig teenoor Saul.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.18
- Jozef het finansieel gesukkel.
- Jozef was oortuig Saul het hulle gesin verraai.

(Enige EEN) (1)

1.19
- Die Bosmense het geglo as jy die woord "olifante" gebruik, roep jy hulle (om jou plat te trap).
- Die Bosmense was bygelowige mense.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.20
- B
- moeg was om die skuld vir alles te dra.
- B moeg was om die skuld vir alles te dra.

(Enige EEN) (1)

1.21.1 Oupoot was sy dierbroer. (1)

1.21.2 Maska het Saul sy hartbroer genoem. (1)

1.22 hek (1)

1.23
- Saul was ŉ minderwaardige Bosmens.
- Saul was wild/vuil/onnosel.

(Enige EEN) (1)

1.24 Elke keer as Saul seergekry/swaargekry het, het Oupoot verskyn.
(Of soortgelyk) (1)

1.25
- Bome word steeds onnodig uitgekap.
- Nuwe bome word nie vinnig genoeg aangeplant nie.
- Waar die mens oorneem, word alles wat natuurlik is, verwoes.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.26
- Saul het gaan vrede maak met Jozef.
- Saul het mense gehelp.
- Saul het Kate se hulp aanvaar.
- Saul het die regte ding vir Oupoot gedoen.
- Saul het nie sy visie vir die Bos verloor nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Tema: Gesinslewe
Boodskap: Aanvaar mekaar onvoorwaardelik.

2.1 ontsteld (1)

2.2 (Mana het gevoel) die gesinslede moes mekaar beter leer ken. (1)

2.3
- Sharon (s'n)
- Hanna se (beste) vriendin se koms

(Enige EEN) (1)

2.4
- Tibo en Amos het baie baklei.
- Tibo en Amos het baie gekla.
- Hulle moes gedurig stilhou sodat iemand/Mana ŉ draai kon loop.
- Die honde was karsiek.
- Die grondpad was baie steil.
- Die grondpad was vol gate.

(Enige DRIE) (3)

2.5 Hanna het eers gehoop dit sou reën, maar later was die reën vir haar ŉ krisis/was sy en haar gesin op die berg vasgekeer/het die reën haar bedruk laat voel/het die reën amper ŉ krisis met Ditjie se geboorte veroorsaak.
(BEIDE kante moet gestel word. TWEE of GEEN punte nie) (2)

2.6 Haar (skilder-)inspirasie (1)

2.7
- Mana en Beyers het met hul honde (op Tafelberg) gestap.
- Die honde het na mekaar gehardloop.
- Mana en Beyers het agter hulle honde aangehardloop.

(Enige TWEE) (2)

2.8.1
- Die beskrywing laat Mana koninklik voorkom.
- ŉ Koningin is iets positiefs.
- Daar word niks leliks/negatiefs oor Mana gesê nie.

(Enige EEN) (1)

2.8.2 Nee.
Hanna skaam haar gewoonlik vir Mana se bont klere/verfkwaste in die hare/woeste hare/verfkolle op haar gesig.
(Of soortgelyk) (1)

2.9.1
- C
- Yann
- C Yann

(Enige EEN) (1)

2.9.2
- D
- Sharon
- D Sharon

(Enige EEN) (1)

2.9.3
- E
- Gavin
- E Gavin

(Enige EEN) (1)

2.9.4
- A
- Margot
- A Margot

(Enige EEN) (1)

2.10
- Hulle klere het nie by mekaar gepas nie.
- Hulle klere was nie stylvol genoeg nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.11 gespanne (1)

2.12.1 Mana (1)

2.12.2 Gavin moes ŉ modeparade/modeskou in die omgewing bywoon. (1)

2.13 Nee.
- Gavin se motor het gebreek.
- Gavin moes loop om by Hanna uit te kom.
- Daar was swaar reën terwyl Gavin geloop het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.14
- C
- badprodukte
- C badprodukte

(Enige EEN) (1)

2.15.1
- Hanna het haar ontbyt in die bed gekry.
- Die skinkbord was netjies gedek.
- Die ontbyt was spesiaal omdat hulle vir haar gesing het/geskenke gebring het.

(Enige EEN) (1)

2.15.2
- Die aandete was ŉ (spesiale) Chinese roerbraai/groente/hoenders/ noedels en sjokoladekoek.
- Die aandete was nie soos gewoonlik sop nie.

(Of soortgelyk) (1)

2.16
- Gavin het vol modder daar aangekom alhoewel hy ŉ modeslaaf is.
- Yann was bang Gavin flankeer met hom/hou van hom.
- Gavin se dramatiese optrede toe hy by die huis aangekom het.

(Enige EEN) (1)

2.17
- Die gesin het baie gelag.
- Die gesin het dit geniet om saam te speel.
- Die hele gesin het saamgespeel.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.18.1
- Hanna het gevoel Margot het haar kinders in die steek gelaat.
- Alles aan Margot was vals.
- Margot wou soos ŉ koningin behandel word.
- Margot was vol fiemies.

(Enige TWEE) (2)

2.18.2
- Margot het vir Hanna gesing.
- Margot het vir Hanna ŉ geskenk(grys oortrektrui) gegee.

(Enige EEN) (1)

2.19
- Hanna was pessimisties/negatief.
- Hanna was krities oor haar gesin.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.20
- A
- swart cashmere trui
- A swart cashmere trui

(Enige EEN) (1)

2.21
- Hanna se gesin het meer vir haar omgegee as wat sy gedink het.
- Hanna se gesin was nie so sleg as wat Hanna gedink het nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.22
- Gavin was besorg oor sy voorkoms en klere. (Aanvaar alternatiewe stelswyses.)
- Gavin het dramaties/flambojant opgetree.
- Gavin het stuitig teenoor Yann opgetree/het in Yann (se voorkoms) belanggestel.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.23 Ja.
- Dit laat die karakters natuurlik klink.
- Dit is hoe baie Afrikaners praat.
- Dit pas by tieners.
- Dit is tienertaal.

**OF**

Nee.
- Daar is Afrikaanse woorde vir die Engelse woorde wat gebruik word.
- Boeke moet mense aanmoedig om suiwer Afrikaans te praat.

(Enige EEN of soortgelyk. Die motivering verdien die punt.) (1)

**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**TEMA:** Verlies
**BOODSKAP:** Die hartseer wat 'n kind se dood veroorsaak.

3.1.1 Dat Jannerik se dogter (Kinnie/Veronica) dood is. (1)

3.1.2
- Ousanna
- Jannerik se suster
- Ousanna het 'n boodskap na die Langhanse gestuur wat op die CB die nuus aan Elsabet gegee het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.2
- Dit was Elsabet se radionaam. (1)

3.3
- Dit was Ryna se manier om vir Skipper dankie te sê.
- Skipper was van die begin af vir Ryna goed.
- Skipper het Ryna nooit veroordeel nie.
- Skipper het Ryna veilig op Meeuland aangebring.

(Enige EEN) (1)

3.4
- Jacob het net aan die eiland en die werk gedink.
- Jacob het verlof voorgehou in plaas van menslikheid.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.5
- Jannerik was onderdanig.
- Jannerik het na Jacob se instruksies geluister.
- Jannerik het respek vir Jacob as kaptein gehad.

(Enige EEN) (1)

3.6
- Ryna het al haar belewenisse op die eiland met Jannerik gedeel.
- Dit was Ryna se manier om na Jannerik uit te reik.
- Ryna wou Jannerik indirek getroos het/gewys het dinge kon tog later regkom.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.7
- Ryna en Jannerik se huweliksmaats is dood.
- Jannerik en Ryna se kind is dood.
- Jannerik en Ryna moes hulle bekende omgewings verlaat het om daar op Meeuland 'n nuwe lewe te begin.

(Enige TWEE situasies) (2)

3.8 Ryna het bedoel dat Jannerik se seer oor sy kind se dood beter sal word.
(Of soortgelyk) (1)

3.9

| JACOB | JANNERIK |
|---|---|
| • Jacob het met niemand oor sy gevoelens gepraat nie.<br>• Jacob het met 'n wrok rondgeloop.<br>• Jacob het homself onttrek/ afgesonder op 'n eiland. | • Jannerik het oor sy seerkry gepraat.<br>• Jannerik het die hartseer gesien as God se plan in sy lewe.<br>• Jannerik het uitgereik na ander in hulle seer. |
| (VERSKIL: TWEE kante moet genoem word. Of soortgelyk) | |

(2)

3.10
- Dit het Ryna se empatie duideliker gewys.
- Woorde kan nie jou seer beter maak nie, begrip help.
  (Of soortgelyk) (1)

3.11
- Jannerik het beelde gebruik wat hy geken het soos viskwotas.
- Hierdie beelde het dit vir Jannerik makliker gemaak om sy geloof te verduidelik.
- Hy wou só verduidelik dat elke mens net dit kry wat hy kan hanteer.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.12
- B
- aanvaar het wat met hom gebeur het.
- B aanvaar het wat met hom gebeur het.
  (Enige EEN) (1)

3.13
- Jacob het gevoel hy het nie hulp nodig gehad nie.
- Jacob het gedink dat dit 'n man was wat Meeuland toe kom.
- Jacob het gedink die persoon kom net vir 3 weke, (nie geweet drie jaar nie.)
- Niemand het Jacob se opinie gevra nie.
  (Enige DRIE redes) (3)

3.14 Ja.
- Daar was te veel herinneringe in die Kaap.
- Ryna kon vrede kry en dinge uitpluis.

**OF**

Nee.
- 'n Mens hardloop nie van jou omstandighede af weg nie.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.15 Ja.
- As jy na ander mense se lewens kyk, is daar mense met erger probleme as jy.
- Daar is mense wat swaarder kry as jy.

**OF**

Nee.
- Party mense kry swaarder as ander mense.
- Mense kan dit nie hanteer nie, want party raak depressief/pleeg selfdood.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.16
- **Buite-egtelikheid:** Kinnie het ʼn buite-egtelike kind gehad wat na haar dood saam met Jannerik eiland toe gekom het./Fred se baba was op Meeuland.
- **Omruil van babas:** Elsabet se baba is doodgebore en Jannerik, Ryna en Jacob het Kinnie se baba vir haar gegee. (2)

3.17
- Jacob het geweet daar sou nie ʼn skip kom nie.
- Jacob het geweet dat daar moeilikheid met Elsabet se baba was.
- Jacob het geweet hy kon niks aan die situasie doen nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.18

| AAN DIE BEGIN | NOU |
|---|---|
| • Elsabet het haar nie aan Ryna gesteur nie.<br>• Elsabet wou nie regtig vir Ryna op Meeuland hê nie. | • Elsabet het nou na Ryna se raad geluister.<br>• Nou het Ryna Elsabet se vriendin/vertroueling geword. |
| (VERSKIL: TWEE kante moet genoem word.) (Of soortgelyk) | |

(2)

3.19 Jacob het toe ook verstaan hoe dit voel om ʼn kind aan die dood af te staan.
(Of soortgelyk) (1)

3.20 God se plekkie. (1)

3.21.1
- B
- Schalk
- B Schalk
(Enige EEN) (1)

3.21.2
- A
- Fred
- A Fred
(Enige EEN) (1)

3.21.3
- E
- Jason
- E Jason
(Enige EEN) (1)

3.21.4
- D
- Matthys
- D Matthys
(Enige EEN) (1)

3.22
- D
- siener
- D siener
(Enige EEN) (1)

3.23
- Ryna het lief geword vir Jacob.
- Ryna het vir Jacob begin omgee.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.24
- Fred het die reg gehad om te weet sy kind het seergekry.
- Janka het seergekry en sy was sy kind.
- Fred was in die posisie om finansieel te help.
- Dit was nie reg om die waarheid van Fred weg te hou nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.25
- Vergewe ander mense.
- Aanvaar God se hand in jou lewe.
- Reik uit na ander.
- Wees oop vir die liefde.
- 'n Nuwe begin is moontlik. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Tema: Verhoudings
Boodskap: Swaarkry leer ŉ mens nuwe planne maak.

4.1 (op) Herschel (1)

4.2 boilerman (1)

4.3.1 Toe Stone by sy broer gaan kuier het. (1)

4.3.2 (Die twee verliefdes het) briewe (geskryf). (1)

4.4 Stone het lobola aan Poppie se ma betaal. (1)

4.5
- Die troue was eers by Poppie se mense en toe by Stone se mense (Poppie se skoonmense) gehou.
- Dit was deel van hulle kultuur.

(Enige EEN) (1)

4.6.1 By die (Philippi)-melkery (1)

4.6.2
- Stone het gedink Poppie wou hom by die huis wegkry.
- Stone wou nie hospitaal toe gegaan het nie.
- Stone het gesê ŉ mens verlaat nie daardie hospitaal lewendig nie.

(Enige EEN) (1)

4.6.3
- Poppie kon Stone net een keer per week/op Sondae besoek het.
- Poppie kon nie gereeld afkry by die werk nie.

(Enige EEN) (1)

4.7.1 Mr. Stevens (1)

4.7.2
- Poppie sou daar ŉ huis kry.
- Poppie se kinders sou daar kon skoolgaan. (2)

4.7.3
- Poppie was bang die skool hou hom nie (as hy nie op haar kaart is nie).
- Poppie het nie geweet waar Bonsile gaan bly as bhuti Plank en sy vrou werk nie.
- Dit was te rof in die special quarters (by Bonsile se pa).
- Die mans kon met Bonsile sukkel (as sy pa nagskof werk).

(Enige TWEE) (2)

4.8
- Poppie het geglo ŉ man moes die besluite neem.
- Poppie was onderdanig aan haar man.

(Enige EEN) (1)

4.9
- C
- Stone by haar kom kuier het.
- C Stone by haar kom kuier het.

(Enige EEN) (1)

4.10
- B
- al sy geld vir sy gesin gegee het.
- B al sy geld vir sy gesin gegee het.

(Enige EEN) (1)

4.11.1
- C
- Plank
- C Plank

(Enige EEN) (1)

4.11.2
- A
- Stone
- A Stone

(Enige EEN) (1)

4.11.3
- E
- Bonsile
- E Bonsile

(Enige EEN) (1)

4.11.4
- B
- Jakkie
- B Jakkie

(Enige EEN) (1)

4.12 Dit was die kennisgewings wat die koop en verkoop van wyn (in die huise) verbied het. (1)

4.13.1
- Die kinders was in opstand oor die Afrikaans education-ding.
- Die kinders was in opstand oor die ou goed wat hulle ouers deurgemaak het.

(Enige EEN) (1)

4.13.2 Hulle het saamgestaan teen die drank/wette/polisie/dronk mense/migrants. (Of soortgelyk) (1)

4.14
- Die kinders het nie geleerdheid gehad nie.
- Die kinders se ouers het nie Vrydagaande huis toe gekom nie (want hulle het gedrink).
- Die kinders se ouers het laat huis toe gekom.
- Die kinders se ouers het dronk huis toe gekom.
- Ander mense het die ouers se wages/lone gesteel (terwyl hulle gedrink het).

(Enige DRIE) (3)

4.15
- Jakkie kon die volgende oggend mooi met hulle gepraat het.
- Jakkie kon hulle huis toe gevat het.
- Jakkie kon hulle in die bed gaan sit het.
- Jakkie kon aan hulle verduidelik hoe dit die familie beïnvloed het.
- Jakkie kon hulle net met rus gelaat het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.16.1 Plank (1)

4.16.2 Plank het nie ŉ pas gehad nie. (1)

4.17 kinders (1)

4.18 Jakkie het Plank vasgehou (terwyl die kinders hom geslaan het). (1)

4.19
- trommels
- koffer/tas
- kissies
- sinkplate

(Enige TWEE) (2)

4.20
- Respekteer alle mense.
- Moenie teen ander rasse diskrimineer nie.
- Jy moet respek vir grootmense hê.
- Verdra mekaar.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**OF**

**VRAAG 5: *PALJAS* - Chris Barnard**

Tema: Deursettingsvermoë
Boodskap: Staan op vir dit wat vir jou belangrik is.

5.1
- C
- die Karoo
- C die Karoo

(Enige EEN) (1)

5.2
- Frans het vir Katrien goed/melk/appels aangedra.
- Frans het goed vir Katrien van die dorp af saamgebring.

(Enige EEN) (1)

5.3 stasie (1)

5.4 Katrien het vir Hendrik gesê dat daar nog nooit 'n ander man was vir wie sy lief was buiten vir hom nie.
(Of soortgelyk) (1)

5.5.1
- Emma het Frans blameer vir haar ouers se ongelukkige huwelik.
- Emma het gedink dat Frans verlief was op haar ma.

(Enige EEN) (1)

5.5.2
- Emma het nie in Nollie se aandag belanggestel nie/hom geïgnoreer.
- Emma het nie haar verskyning gemaak as Nollie kom kuier nie.
- Emma het nie gereageer as haar pa met haar gepraat het nie.
- Emma het gou kwaad geraak vir haar pa.
- Emma het direk vir Katrien gesê dat sy nie belanggestel het in mans/ trou nie.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

5.5.3
- Emma het beter met haar pa gekommunikeer.
- Emma het amper vir Nollie gesoen.
- Emma het langs Nollie gesit om hom 'n kans te gee.

(Enige EEN) (1)

5.6.1 Emma het die vorige week baie mooi gelyk (in haar groen rok). (1)

5.6.2 Emma het haar enkel geswik/voet seergemaak. (1)

5.6.3
- ongelukkig/ontsteld
- hulpeloos
- ongemaklik

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.7.1
- Emma wou nie hê haar pa moes namens haar met Nollie baklei nie.
- Emma het nie gedink dis belangrik nie.

(Enige EEN) (1)

5.7.2 Nollie het Hendrik vertel. (1)

5.8
- Nollie was vriendelik met Emma.
- Nollie het met Emma gepraat.
- Nollie het Emma gekomplimenteer.
- Nollie het dikwels gaan kuier.
- Nollie het Emma teen Bertie ('n sirkusman) beskerm.
- Nollie het probeer om 'n goeie verhouding met haar pa te hê.
- Nollie het Emma na die Volstruisdans toe genooi.

(Enige DRIE) (3)

Kopiereg voorbehou 

5.9.1
- C
- Hendrik
- C Hendrik

(Enige EEN) (1)

5.9.2
- E
- Bertie
- E Bertie

(Enige EEN) (1)

5.9.3
- B
- Willem
- B Willem

(Enige EEN) (1)

5.9.4
- A
- Jan Mol
- A Jan Mol

(Enige EEN) (1)

5.10 ŉ knertsie gedrink (1)

5.11.1 Hendrik wou gehad het Emma moes saam met Nollie kuier. (1)

5.11.2
- kwaad
- ongelukkig
- gefrustreerd

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.12
- Emma het gesien haar ouers se huwelik was ongelukkig.
- Emma se ouers se huwelik was haar voorbeeld.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.13.1
- Emma het nie klere by haar gehad nie.
- Emma was afhanklik van Nollie om haar te help.
- Emma het nie gedink iemand gaan daar aankom nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.13.2 Nollie sou Emma help mits Emma saam met hom na die Volstruisdans toe sou gaan. (1)

5.13.3
- Nollie het integriteit gehad.
- Nollie was eerbaar.
- Nollie het respek vir Emma gehad.
- Nollie het sy woord gehou.
- Nollie was behulpsaam.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.14
- D
- perdeblomme
- D perdeblomme

(Enige EEN) (1)

5.15.1 By haar ma/Katrien (1)

5.15.2
- Emma het lanklaas gespeel.
- Emma was te ongelukkig om te speel.

(Enige EEN) (1)

5.15.3
- Die gesin/Emma se geluk
- Emma se tevredenheid(oor haar gesin se verhouding).

(Enige EEN) (1)

5.16 Ja.
- Nollie het vir Willem gewys 'n mens kan sonder woorde kommunikeer.
- Nollie het Willem nooit weggejaag nie.
- Nollie het aandag aan Willem gegee.
- Nollie het in Willem belanggestel.
- Nollie het Willem nooit geterg nie.
- Nollie was (saam met die gesin) bekommerd toe Willem weggeraak het. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

5.17 protagonis (1)

5.18 Dit wys wat die karakters se aksies/optredes moet wees. (1)

5.19
- Hendrik het vir Katrien ŉ kompliment gegee voor die Volstruisdans.
- Na die Volstruisdans het hulle by die huis saam gedans/gelag.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## STORIEJOERNAAL

## BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE KORTVERHALE.

## VRAAG 6

## "DIE ROOI KOMBERSIE" – Rachelle Greeff

Tema: Vrees
Boodskap: Wees bewus van die gevare in jou omgewing.

6.1 (In die vakansie) voordat sy universiteit toe is. (1)

6.2 29 (1)

6.3
- B
- studeer.
- B studeer.

(Enige EEN) (1)

6.4
- Lila het die kombersie met haar universiteitsherinneringe geassosieer.
- Die kombersie het Lila vertroosting/sekuriteit gebied.

(Enige EEN) (1)

6.5
- Op 'n geïsoleerde plek
- Bo-op 'n berg
- Naby Kaappunt

(Enige EEN) (1)

6.6
- Daniel en Lila kon die giftige slange hanteer, maar nie die baie gevaarliker mense nie.
- Daniel en Lila het gedink die slange hou 'n gevaar in, maar eintlik was dit die mense.
- Daniel en Lila het nie die slange doodgemaak nie, maar toe word hul lewens deur mense in gevaar gestel.

(Die antwoord moet beide die slange en die mense betrek.
Enige EEN of soortgelyk) (2)

6.7
- Hulle het nie 'n alarmstelsel/diefwering gehad nie.
- Hulle het te geïsoleerd gewoon.
- Hulle moes saans ook hul vensters toegemaak het.

(Enige EEN) (1)

6.8 Dit dui aan dat Lila geskok/verward was. (1)

6.9
- Lila en Daniel het groen gelewe.
- Lila en Daniel het nie gifstowwe gebruik nie.

(Aanvaar alternatiewe stelswyses) (1)

6.10
- vuurwapens
- ŉ kluis
- goue juweliersware
- selfone

(Enige TWEE) (2)

6.11.1
- D
- Een van die diewe
- D Een van die diewe

(Enige EEN) (1)

6.11.2
- C
- Lila se ma
- C Lila se ma

(Enige EEN) (1)

6.11.3
- B
- Daniel
- B Daniel

(Enige EEN) (1)

6.11.4
- A
- Lila
- A Lila

(Enige EEN) (1)

6.12.1
- misdaad
- gewapende roof
- geweld
- bedreiging van mense se lewens
- diefstal

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.12.2 Ja.
- Dit laat die leser wonder.
- Dit maak die verhaal interessanter.
- Miskien is dit wat daarna gebeur het, te sleg vir die leser om te hanteer.

**OF**

Nee.

Die leser het ŉ reg om te weet hoe die insident afgeloop het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**"AGTER 'N BAARD" – Hennie Aucamp**

Tema: Aanvaarding
Boodskap: Omstandighede verander mense se lewens.

6.13
- C
- ʼn baard gehad het.
- C ʼn baard gehad het.

(Enige EEN) (1)

6.14 boskasierig (1)

6.15 Nee.
- Bennie het ook nie van die baard gehou nie.
- Die baard het Bennie seergemaak.
- Die baard het Bennie skaam vir sy pa gemaak.
- Bennie het agter sy ma se rok weggekruip.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.16.1
- Deon was op die grens.
- Deon was in die bos.

(Enige EEN) (1)

6.16.2 Deon het in die grensoorlog geveg. (1)

6.17.1 Deon sou gaan bad/skoon kom. (1)

6.17.2 Deon sou die negatiewe herinneringe van die oorlog probeer wegwas.
(Of soortgelyk) (1)

6.18.1 Marina het gevoel Deon het sy gesig/gevoelens/ervaringe weggesteek. (1)

6.18.2 Ja.
Hy was reg om haar te probeer beskerm.
**OF**
Nee.
Getroude mense moet goeie en slegte dinge deel om ʼn sterk verhouding te hê. (Of soortgelyk) (1)

6.19 Marina was bang Bennie kry nagmerries. (1)

6.20
- Marina het hom herhaaldelik gevra om dit te doen.
- Marina het Deon se toenadering in die bed geweier.
- Deon was bang hul verhouding gaan versleg as hy dit nie doen nie.
- Deon het Bennie se reaksie op die baard gesien.
- Dit was ʼn terugkeer na ʼn normale lewe.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

6.21
- Marina kon nie aan die slaap raak nie.
- Marina het die gebeure oor en oor in haar kop laat afspeel.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.22
- Konsentreer op die positiewe wanneer jou man terugkom.
- Wees versigtig waarvoor jy vra.
- Aanvaar dat sy ervaringe hom verander het.
- Help hom versigtig om weer by die huis in te pas.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.23
- Oorlog is traumaties.
- Daar is geen wenners in ŉ oorlog nie.
- Oorlog het ŉ invloed op die individu/gesin.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.24 Ja.
- Baie tieners beleef nog in hulle gemeenskappe die gevolge van oorlog.
- Tieners moet weet wat in die land se geskiedenis plaasgevind het.

**OF**

Nee.
- Die grensoorlog is deel van die geskiedenis.
- Die grensoorlog is irrelevant vir jongmense.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D: GEDIGTE**

**VERSJOERNAAL**

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE GEDIGTE.**

**VRAAG 7**

**"WOORDE" – Vincent Oliphant**

7.1 (Na) die digter/spreker se woorde (1)

7.2
- Vir beklemtoning (van wat die woorde kan en nie kan doen nie).
- Dit help om die gedig te bind (in die afwesigheid van ’n vaste rympatroon).

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.3 assonansie (1)

7.4 ’n Gevoel van magteloosheid/onvermoë/nie goed genoeg nie.
(Of soortgelyk) (1)

7.5.1
- C
- C slegte invloede
- slegte invloede

(Enige EEN) (1)

7.5.2
- E
- E ’n plek van veiligheid
- ’n plek van veiligheid

(Enige EEN) (1)

7.5.3
- A
- A woorde wat seermaak
- woorde wat seermaak

(Enige EEN) (1)

7.5.4
- B
- B gelykheid van mense
- gelykheid van mense

(Enige EEN) (1)

7.6.1 "glo tog"
(EEN REËL) (1)

7.6.2
- Dat grense tussen mense sal verdwyn.
- Dat mense in vrede met mekaar sal saamleef.

(Enige EEN of soortgelyk; aanhaling aanvaarbaar) (1)

7.6.3
- "bid"
- "wens"

(TWEE AKSIES) (2)

7.7
- Dit is een woord wat in 'n reël staan
- Die woord staan alleen in 'n reël.
  (Enige EEN) (1)

7.8 medeburger (1)

7.9
- Die spreker moedig versoening/vrede/harmonie tussen mense aan.
- Voorbeelde: sy woorde kwets nie/sy woorde maak nie seer nie.
- Die spreker sluit af met 'n gebed vir die mens.
  (Of soortgelyk) (1)

7.10
- Daar is geen vaste rympatroon/punktuasie/hoofletters nie.
- Die lengte van versreëls wissel.
- Die lengte van strofes wissel.
- Klanke/woorde/frases word herhaal (as verbindingselemente).
  (Enige EEN) (1)

7.11
- A
- A apolities
- apolities
  (Enige EEN) (1)

7.12 Graad 12-leerders kan:
- leer hoe om 'n goeie medemens/medeburger te wees.
- leer om van grense te vergeet.
- leer dat woorde baie mag het/kan seermaak/kan prys.
- 'n eenvoudige boodskap kry van hoe om te leef.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

**"KABOUTERLIEFDE" – Ingrid Jonker**

7.13
- Die liefde.
- Die droomwêreld/fantasie van die liefde.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.14 Dit dui aan dat:
- Die digter die gedig aan haar dogter/Simone opgedra het.
- Die digter die gedig vir haar dogter geskryf het.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.15 aandag (1)

7.16 Dit word herhaal. (1)

7.17 Die kabouter/Hy het sy liefde aan die spreker verklaar.
(Of soortgelyk) (1)

7.18 "kadoemps"
(EEN WOORD) (1)

7.19
- Ter wille van die ritme in die gedig.
- Om aan te sluit by die verteltrant van die gedig.
  (Enige EEN) (1)

7.20
- B
- B goedkeuring
- goedkeuring
  (Enige EEN) (1)

7.21 Die sterre wat in ŉ kring is, word vergelyk met ŉ laer in die nag.
(AL TWEE kante van die vergelyking moet genoem word. TWEE of GEEN punte) (2)

7.22 (In die) aand (1)

7.23
- Aan musiek.
- Klank.
- Twee musiekinstrumente (ŉ Trom en ŉ trompet)
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.24 blomme (1)

7.25 Dit suggereer dat die maan besig was om onder te gaan/te verdwyn/te sak. (1)

7.26
- Deur gebruik te maak van die eerstepersoonspreker.
- Die woord "my".
  (Enige EEN) (1)

7.27 Uitroep van ekstase/blydskap/opgewondenheid. (1)

7.28 Die boodskap vir my is:
- die liefde is kosbaar.
- glo in die liefde.
- sien die mooi in die lewe raak.
- beleef die liefde eenvoudig/opreg soos ŉ kind.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou